Melissa Potgieter

From: Tiaan Wright <Tiaan.Wright@capetown.gov.za>
Sent: Thursday, April 20, 2017 5:02 PM
To: George Goodey
Cc: Melissa Potgieter
Subject: RE: Voorgstelde nuwe ontwikkeling: Durbanville Gardens Aftreeoord: Bestaande Dienste Inligting
Attachments: Dville Gardens_exist services layout.pdf

Middag George,

Sien aangeheg plan met bestaande dienste uitleg. Ons het destyds met die Willow Wood ontwikeling gevra dat 'n water stub vir toekomstige ontwikkeling suid (dus jul aftree oord ontwikkeling) gelos word by die sirkel, dis 'n 160mm dia aftap lyn voor Willow Wood se bulk water meter. Die riool aansluiting kan by bestaande rioollyn langs Vissershok (suid van ingang na Willow Wood) plaasvind as julle daarby kan aansluit (i.t.v. topografie en hoogte), anders sal julle die rivier/wetland moet kruis en by betaande rioollyn oos moet aansluit maar dit sal 'n EIA en/of WULA benodig.

Die ontwikkelaar van Willow Wood Estate (Combined Developments – Matthew Christian) wie 'n seksie van die bestaande 150mm rioollyn in die D'Urbanvale wetland moet upsize (deur pipe cracking) het onlangs van voor af begin met hul hele EIA proses en 'n nuwe omgewings konsultant en ingenieur (Element – Uli du Toit) aangestel. Daardie opgradering skakel bloot in by ons toekomstige meester beplanning en is nie weens onvoldoende kapasiteit nie. Dus sal daar nie 'n soortgelyke voorwaarde vir jul ontwikkeling wees nie en sal die vordering/program van daardie opgradering nie jul goedkeuring ophou nie.

Ek sien julle by komende Dinsdag oggend se vergadering.

Groete
Tiaan

From: George Goodey [mailto:George.Goodey@aurecongroup.com]
Sent: 20 April 2017 03:09 PM
To: Tiaan Wright
Cc: Melissa Potgieter
Subject: FW: Voorgstelde nuwe ontwikkeling: Durbanville Gardens Aftreeoord: Bestaande Dienste Inligting

Middag Tiaan,

Hoop dit gaan goed!

Ek verwys na ingeslote epos aangaande bestaande grootmaat dienste in die omgewing van die voorgestelde ontwikkeling asook Johann/Stefan se terugvoer daaroor.

Soos ek verstaan is daar 'n moontlike probleem met die riool stroomaf van die voorgestelde ontwikkeiling. Johann het my vandag tydens 'n gesprek ingelig dat die aangrensende ontwikkelaar blykbaar die riool moet opgradeer, maar dat daar EIA proses daarvoor nog nie afgehandel is nie. Ek het gehoop jy sal my meer inligting kan gee.

Ek sien dat jy ook uitgenooi is na die vergadering volgende week Dinsdag om 9h00 wat deur die stadsbeplanners gereël is. Ons kry hopelik môre 'n uitleg van die argitek sodat ons na voorlopige dienste ens kan kyk.

Vriendelike groete,

George Goodey PrEng, MEng
Technical Director I Professional Engineer (Civil), Aurecon

T +27 21 5269565 **F** +27 86 7231802 **M** +27 82 8745479
George.Goodey@aurecongroup.com

DISCLAIMER

From: George Goodey
Sent: 07 April, 2017 1:17 PM
To: Johann Mulder <Johann.Mulder@capetown.gov.za>
Cc: St�fan de Villiers <StefanJuan.DeVilliers@capetown.gov.za>
Subject: Voorgstelde nuwe ontwikkeling: Durbanville Gardens Aftreeoord: Bestaande Dienste Inligting

Middag Johann,

Ek was vanoggend by ‘n ontwikkelaar wat ‘n aftreeoord langs die Vissershokpad (M48), in die omgewing van Clara Annafontein, beplan. Die ontwikkelaar se plan is om 5 erwe te konsolideer vir die ontwikkeling. ‘n Diagramatiese buitelyn van die ontwikkeling in Google word hierby aangeheg.

Die plan is on toegang te kry van die bestaande pad (Willowwood Close) na die ontwikkeling aan die noordelike grens van ons voorgestelde ontwikkeling. Daar sal dus ‘n aansluiting by die bestaande sirkel gemaak moet word.



Ek sal dit baie waardeer as jy ons kan help met die bestaande dienste inligting in die omgewing.

By voorbaat dankie,

George Goodey PrEng, MEng
Technical Director I Professional Engineer (Civil), Aurecon
T +27 21 5269565 **F** +27 86 7231802 **M** +27 82 8745479
George.Goodey@aurecongroup.com
Aurecon Centre, 1 Century City Drive, Waterford Precinct, Century City South Africa 7441
PO Box 494, Cape Town 8000 South Africa
aurecongroup.com

DISCLAIMER
Disclaimer: This e-mail (including attachments) is subject to the disclaimer published at: http://www.capetown.gov.za/general/email-disclaimer Please read the disclaimer before opening any attachment or taking any other action in terms of this e-mail. If you cannot access the disclaimer, kindly send an email to disclaimer@capetown.gov.za and a copy will be provided to you. By replying to this e-mail or opening any attachment you agree to be bound by the provisions of the disclaimer.